

29 Julie

Twee vaar beter as een ... vriendskap in die huwelik

Skrifgedeelte: Prediker 4:1-12
Fokusgedeelte: Prediker 4:9 (NAV)

Prediker 4 beskrywe 'n baie eensame mens met niemand om sy lief en leed mee te deel nie. Waarna verlang hy? Natuurlik, iemand om te help om sy eensaamheid te bowe te kom. Sy oplossing: "Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets." Hy dink dus nie hier in die eerste plek aan man en vrou nie.

Vroeg na die skepping al (Gen 2:18) het die Here hierdie eensaamheid aangespreek: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help ..." (OAV – "... 'n maat wat by hom pas ...") En toe maak die Here vir Eva, vir Adam 'n lewensmaat.

En so kan ons Prediker se drie vergelykings ook op die huwelik toepas. Wat is lewensmaats dan anders as beste maats wat mekaar altyd kan help?

- Sou hy val, dalk deur die sonde, kan sy hom ophelp. Weer rigting gee.
- Ook die warm slaap ... (volgens 1 Kor 7:5 ook 'n onontbeerlike hulp)
- Een alleen kan deur sonde oorweldig word. Saam word beter weerstand gebied teen die duiwel.

Ons kan dus sê: As 'n man en vrou nie in die eerste plek op mekaar aangewys is nie, hoe kan hulle vir mekaar 'n maat wees?

As daar kameraadskap in 'n huwelik is, dan is twee ook daar baie beter as een. Hoe moet 'n man en vrou dan vir mekaar 'n maat wees? Hulle moet EERSTENS naby die Here lewe, maar ook baie naby aan mekaar lewe. So sal hulle huwelik die verhouding tussen Christus en sy kerk, wat ook met 'n huwelik vergelyk word, weerspieël. *Bid* daarom om naby God en naby mekaar te lewe. Beide hierdie verhoudings is te belangrik om te verwaarloos.

Sing: Psalm 45:1, 9 (Totiusberyming)

Ds. Landman Vogel (Walvisbaai en Hentiesbaai)